

# Omvattend Afrikaans

## Kliënte Terugvoer

---

“Ons is mal oor die kompaktheid van die program. My jonger kinders begin nou weer en as 'n ma van 6 kan ek nie sonder so 'n alles in een program nie.”

**-Karin Reynolds**

“Ons doen nou die Gr1 program en het sommer klaar Gr2 gekoop. My dogtertjie geniet die werkies in die boek baie en sy is gaande oor die oulike klein lees boekies met die oulikste stories. Ek is so tevrede met die program ons gaan dit verseker tot Gr3 doen. Baie dankie.”

**-Natasha van Heerden**

“Die oefeninge is eenvoudig en maklik om te doen om vinnig begrip van die letters op te bou en word dan meer gevorderd. My seun het dit mooi verstaan, sy skrif het verbeter met die skryfwerk en hy geniet die gediggies en voorlees boekies baie.”

**-Wilma Stander**

“Baie dankie vir hierdie wonderlike leerplan. My seuntjie geniet dit baie, veral die stories. Die sistematiese dog genotvolle lesse bring vir my baie gemoedsrus. Ek kan sien hoe hy vorder.”

**-Rea Costerus**

“My dogter geniet die program. Ek is dankbaar dat alles bymekaar is, dat daar begeleiding is vir elke stap wat gevolg moet word, en dat dit oopmaak en aangaan is - dat dit feitlik geen voorbereiding vereis nie. Wonderlike kurrikulum!”

**-Yvette Singery**

“Ek is baie beindruk met die kwaliteit van die program en kan nie wag dat jul meer grade doen nie. Vreeslik dankie.”

**-Petra**

“Ek hou daarvan want alle dele van die taal is in een boek gekombineer, taalleer, skrif, begripstoets, spelling, lees ens. Ons doen Omvattend Afrikaans en dis regtig baie goed! Kan regtig met 'n glimlag aanbeveel.”

**-Marzanne**

“Groete uit Zambië! Ons meisiekind geniet die ongelooflik baie en lees rympies en stories dat ons haar soms moet stilmaak!”

**-Lussna**

“My oudste is nou klaar met die Gr 3 program - ons geniet die struktuur daarvan en die vryheid. Dis nie rigied nie, maar gee genoeg leiding dat ek as ouer nie te veel werk het nie. My oudste geniet sowaar die spelreëls. Die leesboekies is keurig. Ek is regtig beïndruk met die kursus.”

**-Zelene**

“Wat ek baie hou van die program is die verskeidenheid klanke, ook moeilike klanke en woorde wat geleer word en dat die volume werk nie so vreeslik baie is maar tog baie effektief. Sy kan baie moeiliker woorde al lees as wat sy geleer het met 'n ander kurrikulum.”

“My dogter van 8 jaar is die afgelope jaar besig met die Omvattend Afrikaans Graad 2 Taalprogram en daar is net twee woorde om haar studies te beskryf: VET PRET! Dis so lekker om te sien hoe blink haar ogies elke keer as sy hoor daar gaan 'n storie aan die begin van die les gelees word. Baie dankie vir 'n uitstekende en genotvolle kurrikulum.”

“Omvattend Afrikaans was vir ons 'n antwoord op gebed. Dis bondig, goed en duidelik uiteengesit. Verg geen voorbereiding aan my kant en dit bevat die noodsaaklike.”

“Ons gebruik die Graad 1 pakket. Lesse is kort en kragtig en baie goed uiteen gesit met baie gediggies ens ingewerk met oulike leesboekies!  
O ja... en baie waarde vir geld!”